Hoërskool McLachlan

Posbus 3
Joubertina
6410

☎ 042-273-1335
🖷 042-273-1210
info@hsmclachlan.co.za
www.hsmclachlan.co.za

BUSREËLS

Onderstaande reëls is van toepassing op ALLE persone wat van

Hoërskool McLachlan-busvervoer gebruik maak:

1. Leerders moet te alle tye tydens die busrit op hul sitplekke sit en mag onder geen omstandighede in die bus rondloop, speel , skree of harde musiek luister nie.

2. Swak taalgebruik, swak maniere, ongedissiplineerde optrede asook enige gedrag wat in stryd is met die HSM Erekode, sal as ‘n ernstige oortreding hanteer word. Die voorreg om toegang tot busvervoer te hê, soos deur die skool voorsien, sal van oortreders ontneem word en hierdie reëling sal vir ‘n periode van 12 maande geldend bly, waarna toegang tot busvervoer weer oorweeg kan word.

3. Buseiendom wat deur roekelose optrede beskadig word, sal met koste verhaal word.

4. Rommelstrooi is verbode – maak gebruik van die swart vullissak in die bus.

5. Leerders mag onder geen omstandighede voorwerpe by vensters uitgooi of self by oop vensters uithang nie.

6. Die busprefek/onderwyser/toesighouer moet te alle tye gerespekteer en eerbiedig word.

7. Die belange van die busbestuurder moet te alle tye voorrang geniet – enige lawaai en ongedissiplineerde optrede in die bewegende bus wat die aandag van die bestuurder onderbreek, kan aanleiding tot ‘n ernstige ongeluk gee.

8. Wedersydse respek vir die ongestoorde gerief van alle passasiers is ononderhandelbaar.

9. Los bagasie moet so ver moontlik, veilig en uit die pad van ander passasiers, onder sitplekke of in bagasierakke geberg word.

10. Betree en verlaat die bus altyd ordelik.

DANKIE VIR JOU VOLGEHOUE BYDRAE TOT 'N AANGENAME EN VEILIGE BUSRIT

Botes Gresse
Skoolhoof: Hoërskool McLachlan
skoolhoof@hsmclachlan.co.za
Posbus 3, Joubertina, 6410
Oos-Kaap, Suid Afrika
Tel: +27 (0) 42 273 1335
Cell: +27 (0) 82 578 3039
Fax: +27 (0) 42 273 1210

Hoërskool McLachlan